



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2**

**(TEORIE)**

**FEBRUARIE/MAART 2013**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en B.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
6. Moet NIE in die regterkantlyn skryf NIE.
7. In die algemeen word 'n punt per feit toegeken. 'n 2-puntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A****VRAAG 1: PASITEMS**

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B om by die beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–T) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 U.

<b>KOLOM A</b>		<b>KOLOM B</b>	
1.1	'n Toestel wat as beide 'n toevoer- en 'n afvoertoestel dien	A	sleutelstaving ('keylogging')
1.2	Gratis programmatuur wat 'n mens toelaat om stem- en videokommunikasie via 'n netwerk, soos die Internet, te gebruik	B	konvergensie ('convergence')
1.3	Programmatuur wat gebruik kan word om dokumente om te skakel tot 'n formaat wat met Adobe Reader gelees kan word	C	strikroof ('phishing')
1.4	'n Toestel wat gebruik word om 'n mens se geografiese posisie te bepaal	D	skyfskoonmaak
1.5	Die neiging waar rekenaars en ander draagbare toestelle toenemend dieselfde funksies het	E	Twitter
1.6	Die proses wat die volgorde rangskik waarin harde kopieë vanaf 'n afvoertoestel geproduseer word	F	enkripsie
1.7	'n Nutsprogram wat lêers op 'n skyf herrangskik	G	digitale handdruk
1.8	Toevoer van verkeerde of ongeldige data in 'n rekenaarsstelsel wat verkeerde of betekenislose resultate sal lewer	H	GIGU ('GIGO')
1.9	Pogings om gebruikers te kul sodat hulle vertroulike inligting, soos wagwoorde, uitgee	I	LAG ('ROM')
1.10	Die deurmekaarkrap ('scrambling') van data na 'n formaat wat nie gelees kan word deur gebruikers wat nie toegangs- of leesregte vir die data het nie	J	GPS
		K	tablet
		L	raakskerm
		M	MXit
		N	EIEU ('FIFO')
		O	GPRS
		P	Skype
		Q	PDF-skrywer
		R	drukkertou ('printer queue')
		S	BIUS ('BIOS')
		T	skyfdefragmenteerder

(10 x 1)

**[10]**

**VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees gepaste antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 D.

- 2.1 Watter EEN van die volgende akronieme verwys na 'n tipe netwerk wat 'n mens in 'n gemeenskapsentrum sal vind?
- A GPS
  - B LAN
  - C IDV ('ISP')
  - D NKK ('NIC')
- (1)
- 2.2 Watter EEN van die volgende verwys na video- of oudiolêers wat na 'n draagbare mediaspeler of rekenaar afgelaai kan word en waarna 'n gebruiker dan kan luister of kyk?
- A Blog
  - B Toegangspoort ('Portal')
  - C Klets ('Chat')
  - D Podsending ('Podcast')
- (1)
- 2.3 Watter EEN van die volgende is 'n funksie van inprop-en-speel ('plug-and-play')-tegnologie?
- Inprop-en-speel ('Plug-and-play') ...
- A sal outomaties al die multimedialêers op 'n geheuestokkie ('flash disk') speel wanneer dit in 'n PR ('PC') ingeprop word.
  - B word gebruik om nuwe apparatuur wat by 'n PR ('PC') gevoeg word, op te spoor, te konfigureer en te installeer.
  - C dateer al die drywers wat op die PC is, via die Internet op.
  - D laai alle addisionele programmatuur wat nodig is om speletjies wat 'n hoë resolusie vereis, te speel.
- (1)
- 2.4 Veilige modus ('Safe mode') ...
- A word gebruik om te voorkom dat ongemagtigde gebruikers toegang tot vertroulike lêers kry.
  - B is die modus waarop die rekenaar gestel word na 'n volledige viruskandering.
  - C is 'n metode om 'n bedryfstelsel ('operating system') met basiese drywers en instellings te laai.
  - D word geaktiveer wanneer jy Ctrl+Alt+Delete druk.
- (1)

- 2.5 Terwyl jy na 'n blad op Facebook gekyk het, is jy gevra om 'n inpropprogram ('plug-in') te installeer. Watter EEN van die volgende verwys na die funksie van 'n inpropprogram ('plug-in') in hierdie konteks?

'n Inpropprogram ('Plug-in') ...

- A voeg meer ondersteuning en funksies by vir multimedia-effekte op die bladsy.
- B skep 'n nuwe virtuele poort om 'n geheuestokkie ('flash disk') in te prop.
- C gradeer die drywers vir jou grafikakaart outomaties op.
- D stel die inprop-en-speel ('plug-and-play')-vermoë van jou rekenaar in werking.

(1)

- 2.6 Watter EEN van die volgende komponente vorm 'n integrale deel van die moederbord?

- A DVD-LAG ('DVD ROM')
- B 'DIMM'-gleuwe
- C USB-drywers
- D HS (hardeskyfaandrywer) ('HDD')

(1)

- 2.7 Watter EEN van die volgende is 'n oorheersstring ('wild card')-karakter wat gebruik kan word wanneer 'n mens na 'n lêer soek deur 'n bedryfstelselnutsprogram te gebruik?

- A %
- B #
- C \*
- D \$

(1)

- 2.8 Watter EEN van die volgende is programmatuur en/of apparatuur wat inligting wat van die Internet of netwerk af kom, nagaan en dit dan blokkeer of jou rekenaar toelaat om toegang daartoe te verkry?

- A 'n Wagwoord
- B Klikprogrammatuur ('Spyware')
- C Enkripsie
- D 'n Netskans ('Firewall')

(1)

- 2.9 Watter EEN van die volgende verwys na 'n werksooreenkoms waar werknemers weg van die kantoor af werk en via die Internet met die kantoor kommunikeer?

- A Telependel ('Telecommuting')
- B Groenrekenaarstelselgebruik
- C Groepsteunprogrammatuur ('groupware')-rekenaarstelselgebruik
- D Virtuele rekenaarstelselgebruik

(1)

2.10 Watter EEN van die volgende akronieme verwys na 'n toestel wat die gebruiker 'n beperkte tyd gee om dokumente te stoor en toe te maak wanneer 'n kragonderbreking plaasvind?

- A GPS
- B OKT ('UPS')
- C PDF
- D USB

(1)  
[10]

**TOTAAL AFDELING A: 20**



**AFDELING B**

Die scenario hieronder stel die konteks vir die vrae wat volg.

Die Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)-leerders is gevra om saam met mnr. Nda te werk om 'n rekenaarsentrum by die plaaslike gemeenskapsaal op te stel.

**VRAAG 3**

Mnr. Nda sien die volgende advertensies vir 'n tafelrekenaar ('desktop computer') en 'n notaboekrekenaar (skootrekenaar) ('notebook/laptop computer'):

<b>TAFELREKENAAR</b>	<b>NOTABOEKREKENAAR</b>
<p>Intel Core2Duo E7400 1.8 GHz            320 GG ('GB') Seagate SATAII HS ('HDD')            2 GG ('GB') DDR2 800 MHz LAG ('RAM')            512 MG ('MB') GeForce 9500GT-grafika            LG 22X DVD-skrywer            Intel Pearl Creek G31 MBD            Kabellose muis            Ergonomiese sleutelbord            Raam ('Chassis') met USB en 350W-PSU aan die voorkant            Ekstras: PCI-Express-gleuf ('slot')</p> 	<p>1.16 GHz dubbelkern-SVE ('CPU')            15.4" BrightView VKV ('LCD')            2 MG ('GB') DDR2-geheue            250 MG ('GB')-hardeskyf            DVD-skrywer            Ingeboude webkamera            Kabellose netwerk            Windows 7 Home Basic            Een jaar ontvang-en-terugbring-waarborg ('collect-and-return warranty')</p> 

- 3.1 Wat is die spoed van die notaboekrekenaar se verwerker? (1)
- 3.2 Beide rekenaars het DVD-skrywers, maar mnr. Nda het baie CD's.  
 Gee TWEE redes waarom 'n DVD-skrywer eerder as 'n CD-skrywer gekoop moet word. (2)
- 3.3 Die tafelrekenaar het 'n hoëvlakgrafikakaart in teenstelling met die standaard-grafikabeheerder wat by die notaboekrekenaar ingesluit is.  
 Noem TWEE gebruike of toepassings waar 'n hoëwerkverrigting-grafikakaart benodig of gebruik sal word. (2)
- 3.4 Die tafelrekenaar sluit 'n kabellose muis in.  
 Noem EEN nadeel daarvan om 'n kabellose muis te hê. (1)

- 3.5 Mnr. Nda het jou raad nodig om óf tafelrekenaars óf notaboekrekenaars te kies. Verwys na die gemeenskapsentrum en die gegewe advertensies wanneer jy die vrae hieronder beantwoord.
- 3.5.1 Noem EEN eienskap van die notaboekrekenaar in die advertensie wat hom sal aanmoedig om dit te koop.
- Sluit 'n gepaste motivering vir die eienskap wat jy gee, in terme van die gebruik van dié rekenaar in die gemeenskapsentrum, by jou antwoord in. (2)
- 3.5.2 Noem EEN voordeel van 'n tafelrekenaar bo 'n notaboekrekenaar.
- Sluit 'n gepaste motivering vir die voordeel wat jy gee, in terme van die gebruik van die rekenaar in die gemeenskapsentrum, by jou antwoord in. (2)
- 3.6 Mnr. Nda het gehoor dat mense nie daarvan hou om op stadige rekenaars te werk nie.
- Noem TWEE algemene apparatuurkomponente wat opgegradeer kan word om die werkverrigting van 'n rekenaar te verbeter, uitsluitend enige randapparatuur. (2)
- 3.7 Iemand het vir mnr. Nda 'n laserdrukker vir die gemeenskapsentrum gegee.
- 3.7.1 Mnr. Nda het probeer om na die aangeskakelde drukker toe te druk, maar die drukker het nie gedruk nie.
- Noem TWEE van die kontroles ('checks') wat hy moet uitvoer voordat hy 'n tegnikus laat kom. (2)
- 3.7.2 Wat kan mnr. Nda met die gebruikte inkhouders doen sodat die omgewing nie beskadig sal word nie? (2)
- 3.8 Mnr. Nda wil dokumente skandeer.
- Noem TWEE voordele van die koop van 'n multifunksietoestel eerder as 'n skandeerder op sy eie. (2)
- 3.9 Mnr. Nda wil 'n digitale kamera vir die gemeenskapsentrum koop. In 'n advertensie het hy gesien dat die kamera se resolusie verkeerdelik as 12 spd ('dpi') gegee word.
- 3.9.1 Noem die korrekte eenheid om die resolusie van beelde wat deur 'n digitale kamera geneem word, te meet. (1)
- 3.9.2 Gee 'n voorbeeld van waar spd ('dpi') as 'n spesifikasie gebruik word. (1)
- 3.9.3 Watter effek het 'n lae resolusie op 'n digitale beeld? (1)

- 3.10 Baie lede van die gemeenskap wat selfone gebruik om foto's te neem, het nie die nodige kables om hul selfone by 'n USB-poort in te prop om die foto's af te laai nie.

Los hierdie probleem op deur TWEE ander maniere voor te stel waarop hulle foto's van 'n selfoon of slimfoon na 'n notaboekrekenaar kan aflaai. (2)

- 3.11 'n Skenker het twee iPads aan die gemeenskapsentrum geskenk.

Noem TWEE voordele wat tablette soos 'n iPad bo notaboekrekenaars sal hê vir die gebruikers van die gemeenskapsentrum. (2)


**[25]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Mnr. Nda het gehoor dat rekenaars nie sonder 'n bedryfstelsel kan werk nie.
- 4.1.1 Noem TWEE funksies van 'n bedryfstelsel. (2)
- 4.1.2 Noem EEN bedryfstelsel wat in 'n slimfoon gebruik word. (1)
- 4.2 Mnr. Nda het raad nodig oor die lisensiëring van die programmatuur wat in die gemeenskapsentrum gebruik gaan word, aangesien hy nie die normale tuis ('home')-lisensie sal kan gebruik nie.
- 4.2.1 Noem die tipe lisensie wat mnr. Nda vir die gemeenskapsentrum sal nodig hê. (1)
- 4.2.2 Verduidelik hoe die lisensie wat vir die gemeenskapsentrum benodig word, verskil van die lisensie wat 'n persoon gewoonlik vir tuisgebruik kry. (2)
- 4.3 Mnr. Nda het gehoor dat 'n mens deelprogrammatuur ('shareware') heeltemal gratis kan installeer.
- Verduidelik waarom hierdie stelling NIE heeltemal waar is NIE, deur na die wettige gebruik van deelprogrammatuur te verwys. (2)
- 4.4 Mnr. Nda het nie antivirusprogrammatuur op die rekenaars geïnstalleer nie.
- Oorreed hom om antivirusprogrammatuur te installeer deur DRIE tipiese aksies wat antivirusprogrammatuur uitvoer, te noem. (3)
- 4.5 Noem DRIE maniere waarop mnr. Nda sal weet dat die rekenaars 'n virus het. (3)

- 4.6 Lees die stelling hieronder en bestudeer die skermkopie om VRAAG 4.6.1, 4.6.2 en 4.6.3 te beantwoord.

Mnr. Nda het 'n ouer rekenaar by die huis. Hy het die skyfeienskappe ('disk properties') oopgemaak. Die venster ('window') hieronder het verskyn.



- 4.6.1 Wat wys die skermkopie hierbo jou oor die toestand van die hardeskryf? (1)
- 4.6.2 Hoe sal die hoeveelheid beskikbare stoor spasie beïnvloed word as mnr. Nda 'n skyfdefragmentasie op hierdie hardeskryf uitvoer? Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.6.3 Behalwe om 'Disk Cleanup' te gebruik en 'n skyfdefragmentasie uit te voer, gee vir mnr. Nda DRIE wenke om sy rekenaars in 'n goeie, werkende toestand te hou. (3)
- 4.7 Mnr. Nda het in 'n tydskrifartikel gelees dat die gebruik van makro's in toepassings take makliker kan maak.
- 4.7.1 Verduidelik wat 'n *makro* is. (2)
- 4.7.2 Gee EEN voorbeeld hoe mnr. Nda 'n makro kan gebruik om sy take makliker te maak. (1)
- 4.8 Die meeste bedryfstelsels moet van tyd tot tyd opgedateer word.
- Noem TWEE moontlike voordele van sulke opdaterings. (2)

[25]

**VRAAG 5**

- 5.1 Gee DRIE redes waarom mnr. Nda mag verkies om 'n ewekniernetwerk eerder as 'n kliënt-bedienernetwerk op te stel. (3)
- 5.2 Mnr. Nda wil weet watter toestel in 'n rekenaar teenwoordig moet wees om netwerkkonnektiwiteit moontlik te maak en om die oordrag van data te koördineer. (1)
- 5.3 Die gemeenskapsentrum sal geriewe voorsien sodat mense LAN-speletjies kan speel.
- 5.3.1 Verduidelik wat *LAN-speletjies* is. (1)
- 5.3.2 Noem TWEE toevoer- of afvoertoestelle wat 'n mens kan gebruik om LAN-speletjies te speel. (2)
- 5.4 Die mense wat die gemeenskapsentrum gaan gebruik, het vir mnr. Nda gevra om Internettoegang te verskaf.
- 5.4.1 Noem die tipe programmatuur wat jy sal nodig hê om bladsye van die Internet te lees. MOENIE handelsname gee nie. (1)
- 5.4.2 Bespreek DRIE kwessies wat oorweeg moet word wanneer 'n mens 'n IDV ('ISP') kies. (3)
- 5.4.3 Noem TWEE maniere om aan die Internet te koppel. (2)
- 5.5 Mnr. Nda het advertensies vir breëband gesien.
- Buiten koste, noem DRIE voordele van 'n breëbandkonneksie. (3)
- 5.6 Mnr. Nda het gehoor dat sommige webtuistes lewende videostroming ('live streaming') aanbied.
- Verduidelik kortliks wat dit beteken om *lewende videostroming* ('live streaming') te gebruik. (1)
- 5.7 Wat is die doel van die digitale sertifikaat wat op sommige webtuistes gevind word? (1)
- 5.8 Gee TWEE redes waarom sommige gebruikers data in die 'wolk' stoor. (2)
- 5.9 Mnr. Nda het gehoor dat, wanneer die Internet gebruik word, die webbediener klein lêers bekend as koekies ('cookies') op 'n rekenaar stoor.
- Gee TWEE redes waarom e-handel- en ander webtoepassings koekies gebruik. (2)
- 5.10 Gee die algemene naam vir die programmatuur wat rekord hou van die sleutels gedruk, gebruikeraantekeninligting ('user logon information'), webtuistes wat besoek is en sommige skermkopieë. (1)

- 5.11 Mnr. Nda het 'n webtuiste besoek en 'n opwipdialoogblokkie ('pop-up window') het verskyn wat sê dat hy 'n nuwe iPad gewen het.
- 5.11.1 Verduidelik hoe hy kan keer dat dit gebeur. (1)
- 5.11.2 Verduidelik die term *reklameprogrammatuur* ('adware'). (1)
- 5.12 Wat is die algemene term wat gebruik word om 'n stel reëls vir die gebruik van rekenaars in die gemeenskapsentrum te beskryf? (1)
- [26]**

**VRAAG 6**

- 6.1 Oogspanning is 'n algemene gesondheidsrisiko wanneer daar vir lang tye op die rekenaar gewerk word.
- Noem DRIE praktiese maniere waarop jy die risiko's van oogspanning kan verminder wanneer jy op 'n rekenaar werk sonder om die monitor te vervang of op te gradeer. (3)
- 6.2 'n RTT-leerder moet 'n werkopdrag oor die voordele van toerisme doen.
- 6.2.1 Verduidelik hoe 'n goeie, duidelike taakbeskrywing kan help om die werkopdrag makliker te maak. (1)
- 6.2.2 Die leerder moet akkurate inligting vir sy/haar werkopdrag op die Internet vind.
- Noem TWEE maniere waarop hy/sy kan seker maak dat hy/sy 'n betroubare webtuiste gebruik. (2)
- 6.3 Noem die funksies in sigblaaie wat RTT-leerders sal help om inligting vir hul PAT-verslae te vind indien hulle die volgende wil doen:
- 6.3.1 Bereken die totale getal passasiers wat per trein na Kaapstad reis. (1)
- 6.3.2 Bepaal die algemeenste gesinsgrootte (getal mense in 'n gesin) wat per lugvervoer reis. (1)
- 6.4 Mnr. Nda is opgewonde oor die vermoëns van slimfone.
- 6.4.1 Verduidelik kortliks wat 'n *PIB* ('*PIM*') is. (2)
- 6.4.2 Watter eienskap van die slimfoon sal mnr. Nda gebruik om die pad van Johannesburg na Bloemfontein te vind? (1)
- 6.5 Gee TWEE redes waarom sommige gemeenskapslede 'n sosialenetwerk-webtuiste soos Facebook sal wil gebruik. (2)
- 6.6 Baie gebruikers gebruik beide kitsboodskappe ('instant messaging', IM) en e-pos om te kommunikeer.
- 6.6.1 Noem die tipe e-postoepassing waaraan Hotmail- of Gmail-adresse behoort. (1)
- 6.6.2 Noem TWEE voordele van kitsboodskappe ('IM') bo e-pos. (2)
- 6.6.3 Noem TWEE maniere waarop mnr. Nda die hoeveelheid spam/gemorspos wat hy ontvang, kan verminder. (2)

6.7 Bestudeer die e-pos hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

To ... [ndanda@gmail.com](mailto:ndanda@gmail.com)  
Cc ... [at@gmail.com](mailto:at@gmail.com); [bd@gmail.com](mailto:bd@gmail.com); [cd@gmail.com](mailto:cd@gmail.com);  
[fred@gmail.com](mailto:fred@gmail.com); [kel@gmail.com](mailto:kel@gmail.com); [john@gmail.com](mailto:john@gmail.com);  
Bcc ...  
Subject:  
Attach: Skenking.ppt 23 MB

GOEIE DAG JOHN

JY KEN MY NIE MAAR EK VRA VIR 'N SKENKING VIR DIE  
VIGSBEWUSMAKINGSPROGRAM BY DIE KINDERHUIS. KLIK ASB OP DIE  
ADRES HIERONDER OM HOU GELD IN DIE REKENING BY ABC BANK  
REKENINGSNR 123123123 - KINDERHUIS TE DEPONEER. STUUR HIERDIE E-  
POS AAN 20 ANDER MENSE EN JY SAL 'N LEKKER DAG HÊ.

Mpho : - )  
Kinderhuis  
0710102030

6.7.1 Noem TWEE netiketreëls wat in die e-pos hierbo geïgnoreer is. (2)

6.7.2 Gee die algemene term wat gebruik word om :- ) en soortgelyke tekens te beskryf. (1)

6.7.3 Noem TWEE maniere om die grootte van die aanhangsel te verminder. (2)

6.8 Mnr. Nda het 'n e-pos ontvang wat hom gevra het om op 'n skakel te klik ('click here') om 'n virus van sy rekenaarstelsel af te vee.

Noem TWEE maniere waarop hy op 'n poets-e-pos ('hoax e-mail') soos hierdie een kan reageer. (2)

6.9 Hoe laat wiki's die gemeenskapslede toe om deel van die e-wêreld te wees? (1)


6.10 Noem TWEE sosiale probleme wat ontstaan wanneer te veel tyd aan die stuur en ontvang van sosiale SMS'e wat nie werkverwant is nie, spandeer word. (2)

[28]

**VRAAG 7**

Mnr. Nda vra jou om die gemeenskapslede te help met enige vrae wat hulle mag hê.

- 7.1 Gee TWEE moontlike redes waarom Thandi nie 'n e-posaanhegsel kan oopmaak nie. (2)
- 7.2 Jane gebruik dikwels die gemeenskapsentrum, maar het raad nodig oor woordverwerking.
- 7.2.1 Gee EEN rede waarom Jane 'n leë bladsy aan die einde van haar dokument het. (1)
- 7.2.2 Jane wil 'n ander bladsyonderskrif op die laaste bladsy van haar 10 bladsy-dokument plaas.
- Verduidelik aan Jane hoe om dit te doen. (2)
- 7.3 Mnr. Nda het opgemerk dat baie leerders die gemeenskapsentrum gebruik om navorsing te doen. Mnr. Nda is besorg oor plagiaat.
- Verduidelik kortliks die term *plagiat*. (2)
- 7.4 Bestudeer die uittreksel uit 'n leerder se verslag hieronder. Maak DRIE voorstelle om die voorkoms en leesbaarheid van die verslag te verbeter.



- 7.5 Mnr. Nda moet 'n vertroulike woordverwerkingsdokument via e-pos aan Kabelo stuur.
- 7.5.1 Hoe kan mnr. Nda seker maak dat hierdie dokument slegs deur Kabelo oopgemaak kan word en deur niemand anders nie? (1)
- 7.5.2 Kabelo moet die dokument redigeer en aan mnr. Nda terugstuur.
- Watter eienskap van 'n woordverwerkingstoëpassing kan gebruik word sodat mnr. Nda kan sien wat verander is? (1)

- 7.6 Bestudeer die deel van 'n sigblad hieronder om VRAAG 7.6.1 en 7.6.2 te beantwoord.

	A	B	C	D
11	Maksimum	'#####'	#VALUE!	

- 7.6.1 Sel B11 dui 'n fout aan. Verduidelik hoe jy hierdie fout sal regstel. (1)
- 7.6.2 Verduidelik wat die foutboodskap in sel C11 beteken. (1)
- 7.7 Watter eienskap van 'n sigblad kan mnr. Nda gebruik om seker te maak dat ander gebruikers nie die formules in sy sigblad kan verander nie? (1)
- 7.8 Noem EEN manier waarop mnr. Nda die rekenaar kan gebruik om 'n oplossing te vind vir 'n probleem wat hy in 'n kantoor-suite-toepassingsprogram, soos 'n sigbladtoëpassing, teëgekom het. (1)
- 7.9 Bestudeer die uittreksel hieronder, geneem uit die databasis wat geskep is om die besonderhede van die gemeenskapslede wat mnr. Nda in die sentrum help, te stoor.

Nr	Helper	Sel_nr	ID_nr	Geslag	Skofte
1	Shezi, P	841231234	920212 0021 085	M	Oggend
2	Burns, Q	833213214	900303 1234 082	V	Aand
3	Mhlongo, K	720001000	901212 0023 084	V	Middag
4	Moodley, K	833334444	910101 0053 082	M	Middag
5	Nene, T	821475489	910404 0067 168	V	Oggend

- 7.9.1 Stel 'n datatipe vir die *ID\_nr*-veld voor. (1)
- 7.9.2 Watter TWEE eienskappe van 'n databasis kan gebruik word om seker te maak dat slegs 'M' vir manlik en 'V' vir vroulik in die *Geslag*-veld ingelees word? (2)
- 7.9.3 Gee TWEE redes waarom 'n toevoermasker op 'n veld soos die *ID\_nr*-veld gebruik sal word. (2)
- 7.9.4 Stel 'n datatipe voor vir die *Nr*-veld wat 'n unieke reeksnommer aan elke nuwe rekord sal toeken soos wat dit ingesleutel word. (1)
- 7.9.5 Mnr. Nda het opgemerk dat die 0 waarmee 'n selnommer begin, nie in die *Sel\_nr*-veld vertoon nie, al het hy dit ingetik. (1)
- Hoe kan mnr. Nda voorkom dat hierdie fout gebeur? (1)
- 7.9.6 Gee DRIE redes waarom dit vir mnr. Nda beter was om 'n databasis in plaas van 'n sigblad vir hierdie data te gebruik. (3)

[26]

**TOTAAL AFDELING B: 130**  
**GROOTTOTAAL: 150**